JW/CleR.

**T R A N S P O R T A K T E**

Gepasseer deur T 7571 1974

**EVERHARDUS PETRUS DE JONGH**

Ten gunste van -

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIëLE KORPORASIE BEPERK.**

JAN S. DE VILLIERS & SEUN
PROKUREURS
SANTAMGEBOU
KAAPSTAD

12. VIR ENDOSSEMENTE KYK BLADSY
FOR ENDORSEMENTS SEE PAGE 5 ET SEQ.

MALMESBURY

DIE GROND HIERIN ... THE LAND ... IS GEREGISTREER ... IN REGISTER ...

DIE PLAAS EVERTS HOPE
Nr. 190

AKTEKANTOOR, DEEDS REGISTRY, KAAPSTAD, CAPE TOWN,
29.4.83 19......
HOOF REGISTRASIEAMPTENAAR
CHIEF REGISTRATION OFFICER

JW/CleR.

| T 7571 | 1974 |
|---|---|

# TRANSPORTAKTE

J. S. DE VILLIERS EN SEUN,
PROKUREURS,
KAAPSTAD.

Opgestel deur my,
Aktebesorger.

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK

... PRETORIUS
DAT HERPHILUS STEYN

Aktebesorger, voor my, Registrateur van Aktes in Kaapstad, verskyn het, behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag geteken te VREDENBURG op die 19de dag van DESEMBER 19 73 en aan hom verleen deur

EVERHARDUS PETRUS DE JONGH
gebore op 13 April ~~1953~~ 1933

- Blanke Groep -

EN/..............

EN genoemde Komparant het verklaar dat op 9 April 1973 deur Private Verkoping sy Lasgewer werklik en wettig verkoop het, en dat hy, die gesegde Komparant in sy voormelde hoedanigheid hiermee in volkome en vrye eiendom sedeer en transporteer aan en ten gunste van -

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIëLE KORPORASIE BEPERK
daargestel deur Wet Nr. 11/1928

- Blanke Groep -

Dié se Opvolgers in Titel of Regverkrygendes;

SEKER stuk afgeskafte erfpaggrond, genoem "EVERTS HOPE", No.190.

geleë in die Afdeling van MALMESBURY;

GROOT: Agthonderd Nege-en-Sestig komma Agt Sewe Een Een (869,8711) Hektaar.

UITSTREKKENDE/..............

<u>UITSTREKKENDE</u> soos die Transportakte gedateer 25 Junie 1912, nr. 4954, met 'n kaart daaraan geheg, gemaak ten gunste van E.P.de Jongh en daaropvolgende Transportaktes die laaste waarvan gedateer hierdie dag, nr. 7570, gemaak ten gunste van die Komparant se Lasgewer, meer volledig sal aandui;

<u>ONDERHEWIG</u> aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte nr. 4954 gedateer 25 Junie 1912;

<u>ONDERHEWIG VERDER</u> aan die serwituut waarna verwys word in die aantekening gedateer die 2de dag van Junie 1958 op Transportakte nr. 5747 gedateer 26 Mei 1942, welke aantekening as volg lui:-

> "Kragtens Notariële Akte nr. 267/1958 gedateer 27 Januarie 1958 gee die eienaar van die eiendom hieronder gehou,aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die ewigdurende reg:-
>
> (a) om elektrisiteit oor die gesegde eiendom te vervoer hetsy deur onderaardse of lugdrade ongeveer langs die lyn of roete aangedui op Kaart nr. 13164/54, aan gesegde Notariële Akte geheg, en gemerk "a b";
>
> (b) Op die gesegde eiendom langs die gesegde lyn of roete al sodanige kabels en/of drade, pale, staners, stutte of andere toebehorens te lê, en op te rig as wat vir die voormelde doeleindes nodig mag wees insluitende die reg om al sodanige kabels, drade, pale, staners, stutte of andere toebehores soos vermeld te gebruik te ondersoek, oor te lê, in stand te hou, te repareer, te verander, te hernu, en/of te verwyder. Onderhewig aan voorwaardes en soos meer ten volle sal blyk uit die gesegde Notariële Akte, 'n afskrif waarvan hieraan geheg is."

WESHALWE /.....

WESHALWE die Komparant, q.q., afstand doen van al die regte en titel wat die bogenoemde

EVERHARDUS PETRUS DE JONGH

voorheen op genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat hy geheel en al van die besit daarvan onthef is en nie meer daarop geregtig is nie, en dat, kragtens hierdie Akte bogenoemde

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIëLE KORPORASIE BEPERK

Dié se Opvolgers in Titel of Regverkrygendes tans en voortaan daarop geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat; en ten slotte erken hy dat die eiendom verkoop is vir die bedrag van -

TWEEHONDERD DRIE-EN-TWINTIGDUISEND VIERHONDERD SES-EN-TWINTIG RAND (R223426,00)

TEN BEWYSE waarvan ek, die genoemde Registrateur van Aktes, tesame met die Komparant, q.q., hierdie Akte onderteken en met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN en geteken op die Kantoor van die Registrateur van Aktes in Kaapstad, Provinsie van die Kaap die Goeie Hoop,

op die 22ste

dag van die maand Maart

in die jaar van onse Heer Eenduisend Negehonderd Vier-en-Sewentig (1974).

q.q.

In my teenwoordigheid,

Registrateur van Aktes.

---

*Geregistreer in die* Plase *Register van* Malmesbury.

*Folio* 190/1

Klerk.

N.H.D. 6458/67.

BLADSY/PAGE 5

ENDOSSEMENT OP
ENDORSEMENT ON T 7570 / 74

EIENDOM/PROPERTY Die plaas Everts Hope Nr 190

VIR ENDOSSEMENTE KYK BLADSY
FOR ENDORSEMENTS SEE PAGE 6

Kragtens Notariële Akte nr. K 263 /19 83 S, is die binnevermelde eiendom onderhewig aan die reg ten gunste van Elektrisiteitsvoorsieningskommissie om elektrisiteit daaroor te lei, tesame met bykomende regte, en onderhewig aan voorwaardes, soos vollediger sal blyk uit die gesegde Akte (~~en Kaart~~), afskrif waarvan hieraan geheg is.

Aktekantoor
Kaapstad
1983 -05- 2

Asst.-registrateur van Aktes

ENDORSEMENT IN TERMS OF SECTION 31 (6) OF ACT 47 OF 1937 (AS AMENDED)

ENDOSSEMENT KRAGTENS ARTIKEL 31 (6) VAN WET 47 VAN 1937 (SOOS GEWYSIG)

'n gedeelte van
The herein mentioned property groot ± 22,8457 ha
Die eiendom hierin vermeld
has been expropriated by Prov Admin van die Kaap
is onteien deur die
in terms of Art 30 van Ord 15/52 met Art 7 van Ord 28/10.
kragtens
Vide Notice of expropriation No. RD 7/1813 d.d. 13.8.74
Vide onteieningskennisgewing Nr.
filed as exprop. caveat EX 1654/74 plans in duplicate filed
geliasseer as onteienings caveat planne in tweevoud ge-
liasseer hiermee.

DEEDS OFFICE/CAPE TOWN
AKTEKANTOOR/KAAPSTAD
~~27-8-79~~ 3.9.1974.

M. EDWARDS
REGISTRAR OF DEEDS.
REGISTRATEUR VAN AKTES.

Die bovemelde endossement is gedeeltelik 3.9.74 verkeerd op die kantoor afskrif.

Ged 1 = 5,9608 ha

| GETRANSPORTEER AAN | TRANSFERRED TO |
|---|---|
| J. A. Thom | |
| RESTANT/REMAINDER 88,9103 ha | |
| T 31474 / 95 | |
| 05 5 95 (1) | REGISTRATEUR/REGISTRAR |

| KRAGTENS ARTIKEL 2 VAN WET 57/1939 IS DIE BINNEGEMELDE | BY VIRTUE OF SECTION 2 OF ACT 57/1939 THE WITHINMENTIONED |
|---|---|
| TRANSPORTNEMER | |
| OMSKEP IN 'N PUBLIEKE MAATSKAPPY EN STAAN NOU BEKEND AS: | HAS BEEN CONVERTED INTO A PUBLIC COMPANY AND IS NOW KNOWN AS: |
| SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE BEPERK | SOUTH AFRICAN IRON AND STEEL INDUSTRIAL CORPORATION LIMITED |
| 89/02164/06 | |
| (YSKOR BEPERK) | (ISCOR LIMITED) |
| BC 28762/1990 | |
| Datum / Date 05 5 95 | REGISTRATEUR/REGISTRAR KAAPSTAD/CAPE TOWN |

| DIE BINNEGEMELDE EIENDOM IS ONDERHEWIG AAN 'N KRAGLYNSERWITUUT TEN GUNSTE VAN **ESKOM** MET BYKOMENDE REGTE | THE WITHINMENTIONED PROPERTY IS SUBJECT TO A POWERLINE SERVITUDE IN FAVOUR OF **ESKOM** WITH ANCILLIARY RIGHTS. |
|---|---|
| K 601 / 98 S | |
| 15 06 98 | REGISTRATEUR/REGISTRAR |

[illegible]

1.

Kragtens Nat Akte No K 600/98 gedateer 7/8/91 en hede geregistreer is kraglynserwituut geskep vide K 263/83S wat verskyn op 665 meter, hier gekanselleer.

Aktekantoor
Kaapstad
15 06 98

Registrateur van Aktes

| | |
|---|---|
| DIE INNEGEMELDE EIENDOM IS ONDERHEWIG AAN 'N KRAGLYNSERWITUUT TEN GUNSTE VAN<br>ESKOM<br>MET BYKOMENDE REGTE. | THE WITHINMENTIONED PROPERTY IS SUBJECT TO A POWERLINE SERVITUDE IN FAVOUR OF<br>ESKOM<br>WITH ANCILLARY RIGHTS. |
| K 908/02 S | |
| 2002-07-17 | REGISTRATEUR/REGISTRAR |